

# OOP & BLOOT

hoe om te dink oor **seksualiteit** in die lig van heersende tendense

'N **EKERK** TENDENS VERSLAG

SAAMGESTEL DEUR **ROEDOLF BOTHA**

[WWW.EKERK.ORG](http://WWW.EKERK.ORG)

# inleiding

Seksualiteit is vandag 'n wye en komplekse tema wat altyd vanuit verskeie hoeke aangedurf kan word. Die doel van hierdie navorsingsverslag is nie om al die kompleksiteite en dimensies aan te spreek nie maar om 'n gesprek te begin na aanleiding van die effek en bepaalde implikasies wat veral deur die wêreld van tegnologie na die oppervlak gebring word. Met ander woorde dit handel oor 'n paar persepsies aangaande seksualiteit en veral hoe dit verander het oor die afgelope paar jaar vanweë tegnologiese ontwikkeling, asook 'n paar implikasies daarvan vir die kerk van vandag.

## 'N WÊRELDWYE TENDENS

In 1974 sê Jimmy Carter vir die werknemers van die Amerikaanse Department van Behuising en Stedelike Ontwikkeling, "Those of you who are living in sin – I hope you'll get married." Verskeie mense het ten aanhoor hiervan gejuig en alhoewel sommige hulle neuse opgetrek het, het die meeste waardering gehad vir die vaderlike advies van die president. Sosiale sielkundige David Myers vertel in sy *The American Paradox* (2008: 13) hoe die duidelike verandering in die manier wat mense na seksualeit kyk gesien kan word wanneer die reaksie van Carter se toespraak vergelyk word met die publiek se reaksie op Bill Clinton se buite-egtelike verhouding met Monica Lewinsky in 1998. Twee derdes van die Amerikaanse stemgeregtiges het te kenne gegee dat Clinton se sekskapades irrelevant is tot hoe hy beoordeel moet word as president. Sedert 1998 tot vandag toe het daar egter 'n tsunami van veranderinge aangaande seksualiteit oor die Westerse samelewing gespoel. 'n Rolprent soos *Fifty Shades of Gray* het nuwe gesprekke oor seksualiteit oopgemaak en 'n nuwe dimensie ingelei in die wêreld van seksualiteit maar veral in die Britse kultuur, so word beweer deur Laura Mitchell in 'n artikel getiteld *Sex trends in 2015* (<http://www.dailystar.co.uk/love-sex/418100/Sex-trends-2015>).

Dalk is dit 'n effense oordrywing maar wat ons skynbaar nie kan ontken nie is dat hierdie omstrede flik saam met baie ander verskynsels in die media oor die afgelope paar jaar die gesprek oor seks, seksualiteit en menswees drasties beïnvloed het. Dit kan al lank nie meer geïgnoreer word nie. Volgens Mitchell het hierdie stout lokettreffer *Fifty shades*, te same met ander prente en vermaak op die internet die afgelope tyd veroorsaak dat:

- Selfs 'n konserwatiewe groep mense soos die Britte begin oopmaak het oor hulle seksuele fantasieë binne- en buite die slaapkamer.
- Egpare en lewensmaats 'n nuwe vlak van wulpse ("kinky") eksperimentering meegebring het.
- 83% van alle vroue wat getoets is aangedui het dat hulle die selfvertroue ontwikkel het om aan hulle seksmaats mee te deel oor wat hulle verwagtinge in die slaapkamer is teenoor slegs 67% wat dit sou waag in 2009.
- Heelwat meer mense eksperimenteer openlik met seks-speelgoed en 74% van alle respondente erken vir die eerste keer dat hulle sodanige speelgoed besit teenoor 38% wat dit sou erken in 2011.

Verder is die gesprek oor seks - wat mens altyd so op 'n afstand kon volg indien jy sou wou – gedurende die afgelope paar jaar tot op almal se voorstoep, eintlik slaapkamer gebring. Inligting wat destyds slegs in 'n boek of tydskrif beskikbaar was kan vandag in die privaatheid van 'n mens se eie persoonlike spasie verkry word deur middel van 'n i-Pad of selfoon. Waar gesprekke aangaande seksualiteit tydens die 1990s op 'n nuwe manier die publieke arena betree het is dit tans onvermybaar en letterlik in die publiek se gesig. Die gevolge hiervan is interessant. Steve Thomson Hoof van Bemaking van LEXO (Luxury Erotic Lifestyle Objects) [<https://www.lelo.com/blog/will-sex-change-2015/>] beweer dat daar in die afgelope vyf jaar 'n aansienlike verandering gekom het in hoe mense kommunikeer aangaande seks. Dinge is nou in die ope en mense het hulle skaamte verloor (vgl. Myers 1998: 14-15).



# 'n wêreldwye tendens

Hy beweer byvoorbeeld verder dat bykans 50% van alle respondente aangedui het dat hulle gemaklik is daarmee om 'n sekspeelding aan 'n familie-lid as geskenk te gee teenoor 'n skamele 7% wat dit in 2011 sou aangedui. Thomson voeg by:

*"The taboo is finally dead. Fifty Shades played a huge role in exposing the masses to a thriving subculture of vibrant sexuality, of embracing one's most secret desires. But 2015 is the year that it will finally come to a head: the lid is about to blow off the box of the taboo."*

Nie net het daar 'n openheid oor seks in die algemeen na vore gekom nie maar ook 'n openheid oor die moontlikheid dat buitewegtelike verhoudings goed kan wees vir 'n bestaande huwelik. Noel Biderman, in die algemeen bekend as die "King of Infidelity", begin in 2001 in Kanada en die VSA 'n online "affair" webtuiste en sosiale netwerk wat mense uitnooi om hulle huwelike 'n hupstoot te gee deur 'n driehoekverhouding aan te gaan ([en.wikipedia.org/wiki/Ashley\\_Madison](http://en.wikipedia.org/wiki/Ashley_Madison)).

Die hoof frase wat gedien het as advertensie vir die webtuiste was : "Save your marriage, have an affair!" Hierdie webtuiste is vandag nog die tweede vinnigste groeiende sosiale netwerk in die wêreld naas Facebook met 26 miljoen intekenare in 37 lande.

LGBT (Lesbian Gay Bisexual Transgender) seksualiteit het ook geweldig veld gewen - ook so in Suid-Afrika sedert 2006 - en is deesdae baie meer in die publieke oog ([http://en.wikipedia.org/wiki/LGBT\\_rights\\_in\\_South\\_Africa](http://en.wikipedia.org/wiki/LGBT_rights_in_South_Africa)). In Ierland het die onlangse referendum ge-eindig met 'n 62% stem in die guns van gay huwelike waarna aartsbiskop Martin gesê het: "The church needs to take a reality check" (<http://www.nytimes.com/2015/05/25/world/europe/church-faces-murky-future-as-irish-support-same-sex-marriage.html>). Lande waar gay huwelike al goedgekeur is is Nederland in 2001, België in 2003, Kanada en Spanje in 2005, Suid-Afrika in 2006, Noorweë en Swede in 2009, Argentinië, Ysland en Portugal in 2010, Denemarke in 2012, Brazilië, Engeland, Walis Frankryk, New Zeeland en Uruguay in 2013 en Luxemborg en Skotland in 2014. Mense in die gay gemeenskap het nou selfs hulle eie "life-" en "confidence coaches" <http://www.gayconfidencecoach.com/>; <http://www.yourtango.com/experts/rick-clemons/sexual-confidence-5-secrets-you-can-learn-gay-men-expert>

## EN SUID AFRIKA?

Natuurlik raak alles wat in die groter Westerse wêreld gebeur Suid-Afrika uiteindelik ook. Ashley Madisen lanseer sy webtuiste in SA tydens Junie 2012 met 5 000 inskrywers gedurende die eerste week! Later het inskrywings effens afgeskaal en vandag is 205 000 Suid-Afrikaners lede van wie bykans 60% blankes is (<http://www.drewe.co.za/2014/07/16/ashley-madison-turns-2-south-africa/>). Die grootste gros intekenaars in Suid-Afrika is tussen ouderdomme van 30 en 49. Die hoeveelheid mans en vroue-intekenare is min of meer ewe veel. Aangaande die lansering in Suid-Afrika sê Biderman, “*Despite what anyone says, infidelity is big business because it comes down to human nature,*” beweer Noel Biderman. “*It is not in our DNA to be monogamous. People cheat because their physical or emotional needs are not being met and a biological drive in each and every one of us can push us to seek out change.*”

Hierdie openheid oor seks het teweeg gebring dat dit wat ons kinders vandag op skool leer in ‘n vak soos Lewensoriëntering op Graad 10, geweldig eerlik en op die man af is (*Life Orientation* p 109 <https://books.google.co.za/books?id=KkXMhKzeo4gC&pg=PA109&dq=How+many+teenagers+in+South+Africa+is+having+sex&hl=en&sa=X&ei=GylkVYXtHsLB7AbY84OoBA&ved=0CCoQ6AEwAA#v=onepage&q=How%20many%20teenagers%20in%20South%20Africa%20is%20having%20sex&f=false>). Oor of dit gesond of ongesond is vir ‘n tiener om seksueel aktief te wees word bykans nie in die kurrikulum hanteer nie. Daar word aanvaar dat meeste tieners seksueel aktief is. Advies word veel eerder gegee oor veilige seks en die gebruik van kondome.

## WAT IS DIE OORSAKE?

Dis uiters moeilik om hierdie verskynsels toe te skryf aan enige iets anders as ‘n vrug van die tegnologiese ontwikkeling en by name die kommunikasiemedie en die effektiewe aanwend daarvan deur die bemarkingsindustrie.

Daar is sekerlik baie gevolge van hierdie seksbewustheid in die wêreld en media vandag, waarvan sommige positief en ander weer negatief gesien kan word. Ons noem net ‘n paar implikasies wat gerus deur die kerk ter harte geneem kan word:

Seksualiteit is veronderstel om ‘n relatief wye betekenis te hê. Marva Dawn, in haar boek *Sexual Character: Beyond Technique to Intimacy* (1993: 9) maak onderskeid tussen *Sosiale seksualiteit* en *Genitale seksualiteit*. Met eersgenoemde bedoel sy die vermoë van enige mens om as seksuele wese op heel, gesonde, opbouende en nie-genitale maniere te kan omgaan met mense van die teenoorgestelde geslag, terwyl *genitale seksualiteit* meer verwys na fisiese, seksuele bevrediging en die seksdaad self. Vanweë die geweldige blootstelling van die media het die betekenis van die woord seksualiteit nou baie meer begin val op die genitale betekenis daarvan. Dan Brennan stel dit so (2010: 42): “*There is a genitalization of friendships and sex... we must not capitulate to Freudian ideas about sexuality, which “genitalizes” all cross-sex relationships.*” Dit het ook tot gevolg dat mense as gevolg van die genitale klem in die media hulle persoonlike identiteit baie meer begin vind het in genitale seksualiteit.

Hierop volg daar ‘n algemene kritiesheid en beheptheid met betrekking tot die liggaamlike, dis nou kritiesheid ten opsigte van eie sowel as die liggaamlike van die ander geslag. Daar is druk op beide geslagte om uitermate uit te blink en te presteer op die gebied van die liggaamlike en seksuele. Hierdie druk strek vanaf hoe ons lyk en watse grimering ons gebruik tot hoe ons aantrek. Op die fisies-intieme of genitale vlak kan dit strek van die “size matters” idee by mans se geslagsdele (<http://www.yourtango.com/experts/rick-clemons/sexual-confidence-5-secrets-you-can-learn-gay-men-expert>) tot by skaamhaar modes (pubic hair trends) by vrouens (<http://www.alternet.org/sex-amp-relationships/full-bush-brazilian-latest-pubic-hair-trend>).

In die slaapkamer self ontwikkel daar gevolglik ook wat Stanley en Trathen (1998: 251-252) noem “*the barrier of performance anxiety*.”

Hierdie kritiese houding heens die fisieke lei dan ook tot ‘n verenging van menswees. Menswees gaan oor seks of ten minste oor dit wat mens fisies kan bied. Daar word selde dieper gekyk verby die fisiese oppervlak na ‘n persoon se karakter, persoonlikheid of innerlike skoonheid.

Keller (2011: 219-221) noem drie gevolge van hierdie verskynsels: 1. Seks is slegs nog ‘n begeerte en lus wat baie dieselfde funksioneer as eetlus. Net soos met eet moet die lus bevredig word net wanneer die begeerte opdaag. 2. (Genitale) Seksualiteit is ‘n natuurlike en kritiese vorm van selfuitdrukking, ‘n manier om jouself te wees en jouself te vind. 3. Konserwatiewe instansies soos die kerk reageer heel dikwels deur die persepsie te skep dat die nodigheid na seks onideaal is en eintlik ‘n nodige euwel is wat bloot gebruik behoort te word vir voortplanting.

Laastens toon navorsing vir ons dat daar in Suid-Afrika in die algemeen ‘n konsekwente toename is in die gebruik van- en verslawing aan pornografiese materiaal (<http://m.timeslive.co.za/thetimes/?articleid=10458203>). Kinders so jonk as ouderdom 15 jaar kom soek hulp by professionele terapeute. Terapeute by die Changes Treatment Centre in Johannesburg gee ‘n aanduiding van tussen 25 en 40% toename in ernstige pornografieverslawing. Tydens 2013 alleen was daar 2 miljard gevalle van internetsoektogte geregistreer deur die Internet Accountability and Filtering tuiste, *CovenantEyes*. Alhoewel daar nie Suid-Afrikaanse kerkstatistieke beskikbaar is op pornografie nie vertel Amerikaanse syfers dat 50% van alle mans by ‘n “Promise Keepers” byeenkoms aangedui het dat hulle die vorige week op ‘n pornografiese webtuiste was.

Tydens ‘n Pastors.com studie het 54% van alle predikante aangedui dat hulle gereeld pornografie kyk terwyl ‘n *Focus on the Family* studie getoon het dat 47% respondente beweer het dat pornografie ‘n probleem in hulle huis is (<http://www.crosswalk.com/church/pastors-or-leadership/how-many-porn-addicts-are-in-your-church-1336107.html>).

Die mees fundamentele implikasie is egter die kerk se a-seksuele, nie-liggaamlike en nougesette perspektief op dissipelskap (Hirsch 2015: 18). Ons sien dit in die woorde van iemand wat teenoor ‘n vriend van my beweer het dat alhoewel hy Jesus aangeneem het, hy steeds sukkel met wellus. Hy sê toe (Smit 2014: 17): “*I think the problem is that I asked Jesus to come into my heart, but not into my penis!*”

In haar boek *Redeeming Sex* verduidelik Debbie Hirsch (2015: 28-29) dat die kerk vanwee die polemieë rondom seksualiteit ‘n tipe van vrees ontwikkel het om homself hieroor uit te laat. Hierdie vrees veroorsaak dat die baie diep en wyd beleefde behoefte in verband met die seksuele nie genoegsaam aangespreek word nie. Hirsch verduidelik dit aan die hand van ‘n paar logiese stappe:

- Die kerk vrees seksualiteit omdat die tema te “warm” is om te hanteer. Ons verstaan nie hoe om die passie hierby betrokke te navigeer nie. Ons vind dit moeilik om die konneksie te maak tussen seksualiteit en spiritualiteit, wat dan vir meeste lyk asof hierdie kragte in teenoorgestelde rigtings trek.
- Die gevolg is dat die kerk dan seksualiteit sien en beleef as ‘n gevaarlike en euwel mag in ons kerk en in die samelewing. Omdat hierdie magte (spiritualiteit en seksualiteit) as onversoenbaar beleef word, en mense voel hulle nie oorwinning behaal nie, trek hulle worsteling hulle stelselmatig weg van God af.
- Dissipelskap in die kerk word dus ten beste beleef as a-seksueel en ten slegste as anti-seksueel. Oorwinning volgens hierdie model vra dus ‘n onderdrukking van al die “gevaarlike energie” wat deur dit na vore gebring word.

- Dus praat niemand daaroor nie en selfs ons helde en rolmodelle versinnebeeld gevolglik 'n onliggaamlike seksloosheid.
- Hierdie tekort aan begrip en gesonde integrasie van seksualiteit lei tot nog vrees.
- Vrees (veral in die konteks van 'n godsdienstige institusie soos die kerk) neem 'n lewe van sy eie aan. Dit bring 'n sistematiese regulering van die gevreesde ding (in hierdie geval seksualiteit) met die doel om die gevreesde monster te beheer.
- Wanneer die "reëls" gebreek word word die oortreder geoordeel, soms in die openbaar en dikwels word hy selfs afgesny van die gemeenskap.
- Om nog oortredings te voorkom word die reëls dan weer versterk. Vlakke van vrees en angs verhoog en nou moet selfs buitestaanders eers konformeer tot die nuwe seksuele reinheidskodes voordat hulle toegelaat word.

Hirsch (2015: 164) sluit af deur te sê:

*"We have to simply admit that Christian spiritual traditions of the West have not formed us well in this area. It is as if we have been left stranded on the shores of the twenty-first century as underdeveloped, oversexed adolescents attempting to navigate adult bodies in a deeply sexualized context."*



# wat kan die kerk doen?

## **Spreek die tema van seksualiteit direk aan sonder om dit te ignoreer.**

Hoe moet 'n gesonde seksualiteit lyk? God het - alhoewel man en vrou ook baie ingeskape eendershede deel - bedoel om twee geslagte te skep van die begin af. Dit beteken dat Hy sekerlik wil hê dat ons ons lewens behoort te leef en Jesus moet volg as seksuele wesens. Indien dissipelskap die kerk se hoofmissie is, en God het ons as man en vrou geskep as ons hoofmodus van bestaan, dan is ons geslagtelikheid een van die hooftemas van dissipelskap waaraan ons in die kerk sal moet aandag gee. Hirsch sê (2015: 9): *"If our sexuality lies close to our spirituality, as I suggest it does, then it's vital we find a way to bring a living, holy, sexuality back into the context of the church. How can any of us be real, authentic people if we have to leave our sexuality at the door? And how can we speak to a sexually confused world if we have nothing to say?"* Daar word altyd baie gesê oor Jesus se manlike binnekring dissipels maar hoe het Hy as man geleef in gesonde verhoudings saam met sy vriendinne in Lukas 8? Hoe het sy interaksie gelyk met Marta en Maria? Het Hy ook versoekings beleef soos ons? Hy moes wel indien Hy waarlik mens was! Hirsch stel dit so (2015: 42): *"Jesus had an uncanny ability to be close to both women and men, physically and emotionally, without violating his (or their) sexual integrity. Not only that, when he encounters the sexually broken, his very presence brings with it the offer of freedom."* Terwyl die kerk doodstil is hieroor word sy lidmate elke dag alternatiewe informasie gevoer hieroor wat heel dikwels kritiekloos en onbewustelik geïntegreer word in die menslike psige sonder enige begeleiding.

## **Ons strategie vir hoe dissipelskap behoort plaas te vind moet dringend en drasties her-evalueer word.**

Omdat hierdie tendense so diep ingebed is in ons kultuur is ons worstelinge hiermee ook diep ingegraveer in ons harte. Wat gaan help is nie bloot 'n "showy" tipe van program waar 'n paar liedjies gesing word en na 'n praatjie geluister word nie. Alhoewel laasgenoemde kan help is daar eerder 'n konteks nodig in kleiner groepe waar mans en vrouens diep en sinvolle interaksie oor hierdie temas kan beleef. Kerk moet 'n plek wees waar mense kan eerlik wees en "deal" met die regte lewe. Daar moet veilige omgewings geskep word waar byvoorbeeld mans na mekaar kan luister, mekaar kan begelei, aanspreeklik kan hou en mekaar in community tot heelheid kan lei. Hiervan is Saddleback se *Celebrate Recovery*-program 'n goeie voorbeeld. Dissipelskap moet ook nie net gemik word op getroudes wat gewoonlik al die aandag kry nie maar enkellopendes moet ook begelei word.

## **Skep 'n kultuur in die plaaslike gemeente wat teologies reflekteer oor die konneksie tussen spiritualiteit en seksualiteit.**

Ons sal in die kerk moet afstand doen van die gnostiese dualisme tussen die geestelike en die liggaamlike. Eugene Peterson skryf in sy *Five Smooth Stones for Pastoral Work* (1992: 23-26) dat seks baie soos gebed is! Gebed is die taal van geestelike intimiteit is terwyl seks die taal van fisiese intimiteit is. Hy gebruik die voorbeeld van die Jode wat die boek Hooglied as 'n poëtiese verhaal sien van 'n liefdesverhouding tussen 'n man en 'n vrou. Dis egter nie al nie. Tydens die Dag van Versoening – wat handel oor die liefdesverhouding van God met sy volk – word Hooglied ook voorgelees as die taal van intimiteit tussen God en sy mense! Hooglied was dus vir die Jode en eerste Christene 'n boek oor twee parallelle verhoudinge wat ingewef is in mekaar: die verhouding tussen 'n man en 'n vrou sowel as die verhouding tussen God en sy mense. Een van die implikasies hiervan is dat God seks as iets geestelik beskou en nie "vleeslik" soos baie Christene meen nie.

Seks is dus 'n heenwyser na 'n fundamentele kosmiese verhouding. Seksualiteit in ons lewens en in die samelewing kan dus iets sê oor die menslike soeke na die geestelike. Die kerk kan gerus sy mense help om te sien dat selfs hulle skeefgetrekte seksualiteite hulle kan wakker maak vir God se teenwoordigheid en liefde in hulle lewens. Verder is begeleiding nodig vir mense om 'n pad *deur* hulle seksualiteit te vind na God in plaas van om hulle slegs te laat voel dat dit hulle weglei van God af.

### **Vervang die heersende moralisme in die kerk met die kruisteologie van genade.**

Wanneer dit kom by seksualiteit moet genade ons oorheersende houding wees. Moralisme is gebore uit vrees. Alles gaan net oor reëls en oor wat “reg of verkeerd is”. Teoloog Ted Peters (1949: 26) noem vrees “*a moral issue in so far as it shapes the kind of people we become.*” Wanneer ons vreesbevange of angstige volgelingen van Jesus is dan begin ons primêr dink aangaande wat ons wil *voorkom* en *vermy* eerder as wat ons wil *aanmoedig* en *ontwikkel*. Met ander woorde ons begin net eenvoudig fokus op die verkeerde dinge! “Moets en moenies” gaan nie hier help nie. Waarom is die kerk se eerste reaksie altyd heel eerste om vir mense te laat voel dat hulle reg of verkeerd is? Is dit werklik hoe die evangelie ons leer?! Mense wat worstel met hulle seksualiteit en seksuele sondes is meestal mense in verwarring en pyn en hulle het ons genade nodig nie ons veroordeling nie. Dit beteken dat daar 'n onderliggende teologie van insluiting en onvoorwaardelike aanvaarding moet heers.

“*God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?*” (Rom 2:4). In dissipelskap is daar 'n volgorde: aanvaarding kom voor bekering. Jesus het nooit individuele dissipels genooi deur te sê “Bekeer julle en volg My” nie. “Volg My” was gewoonlik eerste. “*Acceptance precedes repentance*” (Hirsch 2015 158). Jesus het wel 'n oproep gemaak tot mense om die koste te bereken maar dit het eers later gevolg.

Teregwyding moet beslis ook aan die beurt kom, maar eers binne-in 'n verhouding waar liefde, begrip en aanvaarding hom alreeds tuisgemaak het. Ons mense het nie moralistiese en vrees-gebaseerde berading nodig wat bloot die skaamte laat ophoop wat hulle in elk geval alreeds voel nie.

'n Kruisteologie beteken ook dat ons in die kerk drasties vinnig gaan moet ontslae van die heersende homofobia. Vrees en genade gaan nie saam nie. Hulle is vyande van mekaar. Genade en liefde verdryf vrees, wettisisme en moralisme. Die kerk van Jesus sal dus vir eens oor ons kontamineringsvrees vir gay mense moet kom. Waarheen moet gay mense hulle dan wend indien nie na die kerk toe nie?? Ons sal moet toelaat dat Jesus se genade ons van binne af buitentoe verander sodat ons kan aflê wat Richard Beck noem 'n siek “disgust and contamination psychology” (2011: 7). Ons moet dissipels maak van ons wettiese neuse deur hulle nie gedurig vir alles op te trek nie (Hirsch 2015: 119).

'n Teologie wat sy mense laat dink dat die eerste ding wat 'n gay persoon van ons moet hoor is of sy lewenswyse reg of verkeerd is is gedoem van die begin af. Hirsch stel dit so (2015: 9):

*“By this I mean that we need to move beyond the largely moralistic, disgraced, traditional dualistic suppression of the body (and the soul for that matter) that has marked Christianity in the Western tradition. We need to (re)apply to our sexualities the radical grace and salvation that we all must find in Jesus. We must apply this to ourselves and also to our neighbors and society at large. Certainly I believe that regarding all issues of sexuality we are going to need to chill out and be a whole lot nicer and more understanding than we currently are.”*



## **Ons is nie oorgelewer aan omstandighede nie.**

Ons kan mekaar en ander mense help om te verstaan dat ons na God se beeld gemaak is met intelligensie, kreatiwiteit en skeppingsmag tot ons beskikking. Dit beteken dat ons kan droom oor hoe ons ons Godgegewe vryheid kan gebruik en ook oor watter soort mense ons wil wees. Ons is meer as blote produkte van onbegeleide evolusie, diere wat geen beheer het oor ons drange en instinkte nie. Ons hoef daarom nie slagoffers te wees van ons impulse en begeertes nie. Dit is binne-in ons vermoëns om in die krag van die Heilige Gees as nuwe mense te leef! Daarom is dit nie noodwendig ongesond of sleg om soms nie uitdrukking te gee aan seksuele drange nie. Wat van Paulus wat nooit getroud was nie? Niemand het nog ooit gesterf vanweë 'n gesonde dosis selfbeheersing nie. Ons kan mekaar dus aanmoedig met die woorde, "Daardie dag sal jy sekerlik nie sterf nie...!" Daarom is dit moontlik om gesonde geestelike vormingsgewoontes aan te leer wat deur die Here gebruik kan word om ons heel te maak en nuwe perspektief te kry. Wanneer ons dus faal kan ons maar net opstaan en weer probeer.

## **Plaas seksuele sondes in die regte perspektief.**

Die kerk het aangeleer om van seksuele oortredings 'n baie groter ding te maak as wat Jesus dalk sou.

Jesus het 'n baie groter klem gelê op liefdeloosheid, geldgierigheid en ongeregtheid terwyl Hy eintlik altyd baie geduld gehad het met seksuele oortreders. Dis interessant hoedat John Piper se onlangse artikel getiteld "Twelve Questions to Ask Before Watching 'Game of Thrones'" slegs te make het met die sekstonele terwyl die gewilde TV reeks wemel van politiekery, geweld, manipulasie, geldgierigheid en nog meer! Sien Piper 2014

[www.desiringgod.org/blog/posts/12-questions-to-ask-before-you-watch-game-of-thrones](http://www.desiringgod.org/blog/posts/12-questions-to-ask-before-you-watch-game-of-thrones)

## **Ander los sakies**

Waaroor die kerk sekerlik nog baie kan dink in die konteks van hierdie gesprek is dinge soos hoe hofmakery ("dating") beïnvloed word, die relevansie van aanlyn "dating", hoe gesonde kruisgeslagtelike vriendskappe kan lyk, gesonde kriteria vir die kyk van rolprente en die gebruik van die internet, langafstand seks, die onwettige aflaai van programme en fliëks en nog meer.

Hierdie is alles dinge waarmee die kerk erns sal moet maak in vandag se wêreld in ons poging om 'n Jood vir 'n Jood en 'n Griek vir 'n Griek te word met die doel om soveel as moontlik vir Christus te wen. Wat 'n voorreg om deel te kan wees hiervan!





**Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.**

**Navorsing** | Elke verslag bestaan uit verskeie komponente, wat alles hieronder afgelaai kan word. Die inhoud is beskikbaar om vryelik gebruik te word in bedienings en opleiding. Die materiaal word onder 'n Creative Commons lisensie gepubliseer, wat beteken dat dit nie verander of vir kommersiële gewin aangewend mag word nie.

**Tendense** | Iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

Kopiereg 2015 **Ekerk Vereniging**.

Alle regte voorbehou.

[info@ekerk.org](mailto:info@ekerk.org)  
[www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)

[facebook.com/ekerk](https://facebook.com/ekerk)  
[twitter.com/ekerk](https://twitter.com/ekerk)